

## BOEK OOR WONDERWERKE

Nadat ek in November 2019 my jongste manuskrip oor “Karakter en Integriteit” voltooi het, het ek gedurende Desember regtig op die Here gewag oor wat my volgende projek moet wees.

Een oggend tydens my tyd van afsondering, het dit duidelik in my hart opgekom dat ek ’n bundel moet saamstel waarin mense se getuïenisse van Goddelike wonderwerke in hulle lewens gedeel kan word.

Dit moet outentieke wonderwerke/genesings wees - getoetste en bewese gevalle. Daar is soveel mense in ons tyd wat sinies en skepties staan teenoor die bonatuurlike. Alhoewel dit nie my primêre doel is om diesulkes te oortuig nie - dit is immers die werk van die Heilige Gees -, is ek op soek na getuïenisse enige ondersoek en toets kan deurstaan. Jesus het self by meer as een geleentheid vir iemand wat Hy genees het, opdrag gegee om hulleself aan die priester te gaan toon. In Bybelse tye was die priester soort van die publieke gesondheids-beampte wat bepaal het of iemand regtig gesond geword het - veral as hulle melaats was.

Daar was die afgelope jare te veel “wonderwerke” waaroor daar met reg vraagtekens geplaas kon word.

Soms is daar ’n oënskynlike verbetering van iemand se toestand wat kan volg op positiewe verwagtinge en psigiese suggesties. Hierdie verskynsels het baie mense binne en buite die kerk sinies gemaak m.b.t. ware wonderwerke. Wat nodig is, is egte, outentieke getuïenisse van God se bonatuurlike krag.

Ek weet dat gelowiges die hand en genade van die Here op baie maniere elke dag in ons lewens sien - en dit hoort so. Ek wil egter die lig laat val op wonderwerke waarvan selfs sinici nie anders sal kan as om te erken dat dit bonatuurlik is nie.

Kom ek verduidelik - iemand het byvoorbeeld kanker. Daar word vir so ’n persoon gebid. Die persoon gaan terselfertyd ook vir intensiewe kankerbehandeling. Na ’n aantal maande word die persoon “skoon” verklaar. Sekerlik kan en moet die gelowige God se genadehand hierin sien en erken en Hom daarvoor dank. Feit is egter dat baie ongelowiges na ’n soortgelyke behandeling ook “skoon” verklaar word.

Daar is egter gevalle van bonatuurlike liggaamlike genesing waar X-strale, gevorderde toetse en selfs mediese spesialiste moet erken dat iets buitengewoon en onverklaarbaar gebeur het, of in die taal van gelowiges - dat ’n wonderwerk plaasgevind het. Daar moenie spekulasie en onsekerheid daaroor bestaan nie.

Blindes wat sien, kreupeles wat loop, dowes wat hoor - dié soort wonderwerke wat Jesus gedoen het en steeds doen - dis waarna ek onder andere verwys.

Ek wil beklemtoon dat ek nie hierdie soort “bewysbare” wonderwerke as groter of meer spesiaal as God se alledaagse genadewerk in ons lewens bestempel nie, maar terwille van ’n outentieke getuïenis in ’n sekulêr-humanistiese wêreld, wil ek graag deur hierdie bundel ’n getuïenis laat opgaan dat Jesus Christus dieselfde is - gister, vandag en tot in ewigheid.

Ek wéét sulke wonderwerke gebeur steeds! Ek kan persoonlik daarvan getuig.

My doelstelling met so ’n boek van getuïenisse oor wonderwerke is drieledig:

1 - Die getuïenisse moet aanbidding en eer aan God bring. Hy moet verheerlik word!

2 - Gelowiges moet opnuut tot die besef kom dat God almagtig en onveranderlik is. Dit wat Hy in Bybelse tye gedoen het, kan hy nog steeds doen.

3 - Dit moet as outentieke getuïenis aan ’n toenemend-humanisties, wetenskaplike wêreld dien dat God nie ’n illusie of ’n legende is nie, maar ’n werklikheid!

Miskien het jy persoonlik so ’n getuïenis wat jy graag deur middel van hierdie boek tot eer van die Here wil deel. Miskien weet jy van so ’n persoon. Dan wil ek jou vra om hierdie skrywe aan die persoon/persone deur te gee. Ek kan gekontak word by

burgerisak@gmail.com. Laat kry my ook - met die toestemming van die betrokke persoon(e) - sy/haar kontakligting. Ek sal daarna, en soos nodig, potensiële getuies self ook kontak en sover moontlik die getuienisse verifieer.  
My gebed is dat hierdie bundel op 'n besondere manier sal bydra om die Koninkryk van God uit te bou en Sy Naam te verheerlik.  
Hierdie projek word in samewerking met Carpe Diem Uitgewers aangepak.  
Baie dankie byvoorbaat!

Isak Burger



lige Gees), moet die getuienisse enige toets kan deurstaan.

Jesus het self by meer as een geleentheid vir iemand wie Hy genees het, opdrag gegee om hulleself aan die priester te gaan toon. In Bybelse tye was die priester soort van die publieke gesondheids-beampte wat bepaal het of iemand regtig gesond geword het - veral as hulle melaats was.

Daar was die afgelope jare te veel "wonderwerke" waaroor daar met reg vraagtekens geplaas kon word - in sommige gevalle was dit blatante bedrog. Soms is daar 'n oënskynlike verbetering van 'n toestand wat kan volg op positiewe denke en psigiese suggesties. Hierdie verskynsels het baie mense binne en buite die kerk sinies gemaak t.o.v. wonderwerke. Wat nodig is, is egte, outentieke getuienisse van God se bonatuurlike krag.

Ek weet dat gelowiges die hand en genade van die Here in baie dinge sien - en dis ook reg so. Ek wil egter die lig laat val op wonderwerke waarvan selfs sinici nie anders sal kan as om te erken dat dit bonatuurlik is nie.

Kom ek verduidelik - iemand het kanker. Daar word vir so 'n persoon gebid. Die persoon gaan terselfertyd ook vir intensiewe kankerbehandeling. Na 'n aantal maande word die persoon "skoon" verklaar. Sekerlik kan en moet die gelowige God se genadehand hierin sien en erken en Hom daarvoor dank. Feit is egter dat baie ongelowiges na 'n soortgelyke behandeling ook "skoon" verklaar word.

Daar is egter gevalle van bonatuurlike liggaamlike genesing waar X-strale, gevorderde toetse en selfs mediese spesialiste moet erken dat iets buitengewoon en onverklaarbaar gebeur het, of in die taal van gelowiges - dat 'n wonderwerk plaasgevind het. Daar moenie onsekerheid daaroor bestaan nie.

Blindes wat sien, kreupeles wat loop, dowes wat hoor - die soort wonderwerke wat Jesus gedoen het en steeds doen - dis waarna ek onder andere verwys.

Ek wil beklemtoon dat ek nie hierdie soort "bewysbare" wonderwerke as groter of meer spesiaal as God se alledaagse wonderwerke in ons lewens bestempel nie, maar terwille van 'n outentieke getuienis in 'n sekulêr-humanistiese wêreld, wil ek graag deur hierdie bundel 'n getuienis laat opgaan dat Jesus Christus dieselfde is - gister, vandag en tot in ewigheid.

Ek wéét sulke wonderwerke gebeur steeds!

My doelstelling met so 'n boek van getuienisse oor wonderwerke is drieledig:

1 - Die getuienisse moet lof en eer aan God bring.

2 - Gelowiges moet opnuut tot die besef kom dat God almagtig en onveranderlik is. Dit wat Hy in Bybelse tye gedoen het, kan hy nog steeds doen. Dit moet mense se geloof opbou.

3 - Dit moet as outentieke getuienis in 'n toenemende post-Christelike wêreld dien dat God nie 'n illusie of 'n legende is nie, maar 'n werklikheid!

Miskien het jy persoonlik so 'n getuienis wat jy graag deur middel van hierdie boek tot eer van die Here wil deel. Miskien weet jy van so 'n persoon. Dan wil ek jou vra om hierdie skrywe aan die persoon/persone deur te gee. Laat kry my - met die toestemming van die betrokke persoon(e) - sy/haar kontakligting. Mense met so 'n getuienis kan my persoonlik kontak. Ek sal daarna, en soos nodig, potensieële getuies self ook kontak en sover moontlik die getuienisse verifieer.

My eposadres is: [burgerisak@gmail.com](mailto:burgerisak@gmail.com).

My gebed is dat hierdie bundel op 'n besondere manier sal bydra om die Koninkryk van God uit te bou en die Here se naam te verheerlik.

Hierdie projek word in samewerking met Carpe Diem Uitgewers aangepak.

Baie dankie byvoorbaat!

Isak Burger